'n Kunstenaarsvoorstelling van die Lanseria Corporate Estate langs die Lanseria-lughawe, waar Cash Crusaders in 'n nuwe verspreidingsentrum van 7 000 m² belê het.

Crusaders bou sentrum in Lanseria

Elma Kloppers, Johannesburg

Danksy 'n stewige vertoning die afgelope jaar, bars Cash Crusaders, Suid-Afrika se grootste handelaar in gebruikte goedere, uit sy nate.

Dié waardekleinhandelaar belê nou in 'n nuwe verspreidingsentrum van 7 000 m² op 'n perseel van 11 500 m² in die splinternuwe Lanseria Corporate Estate in die Noordweste van Johannesburg.

Meer as 50% van dié onderneming, wat hoofsaaklik op kontantverkope fokus, se groei word tans aangevuur deur die verkope van nuwe goedere. Dié groei het die maatskappy se huidige verspreidingsruimte in die nabygeleë Northlands Business Park onder druk geplaas.

Mnr. Brent Topat, uitvoerende voorsitter van Cash Crusaders, sê die nuwe verspreidingsentrum sal 'n gebou vir gemengde gebruik wees, met 'n kantoor- en dienssentrum, asook 'n groot pakhuis en verspreidingsgerief. Hy sê die gebou sal die spilpunt wees vir die maatskappy se verspreidingsdienste aan sy winkels in Gauteng en die Vrystaat. "Ons hou van die feit dat die landgoed maklike toegang het van die noorde, die suide, die ooste en die weste."

Die 90 ha-Lanseria Corporate Estate, langs die Lanseria-lughawe, het sedert sy onlangse bekendstelling al die belangstelling gelok van ander korporatiewe en nywerheidsondernemings, onder meer Freeworld Coatings wat 'n perseel van 18 000 m² verkry het. Dié maatskappy beoog om kantore en 'n ontwerpsentrum daar te ontwikkel.

Lanseria Corporate Estate is 'n geïntegreerde ontwikkeling van 'n beleggingskonsortium wat insluit Efcon Capital en New Property Ventures. Die konsortium het R100 miljoen in die landgoed belê en verwag dat die belegging in die landgoed die volgende sewe jaar tot R2 miljard sal toeneem.